

## BOEKBESPREKINGS/BOOK REVIEWS

### Suid-Afrika/South Africa

PAMA, C, *Die Groot Afrikaanse Familienaamboek*, Kaapstad, Human & Rousseau, 1983, 380 pp., illustrasies, R25,00.

Genealogiese navorsing in Suid-Afrika lword in die afgelope jare gekenmerk deur 'n toenemende belangstelling van veral baie amateurgenealoë in hulle voorgeslagte. Die pionierswerk in hierdie verband is teen die einde van die vorige eeu deur C C de Villiers onderneem. Sy *Geslacht-Register der oude Kaapsche Familien* was vir jare die standaard gepubliseerde werk oor die voorgeslagte van die Afrikanervolk. Ander publikasies oor die onderwerp was almal blote aanvullings tot De Villiers se register, wat egter self nie foutloos was nie en in nuwe uitgawes hersien en bygewerk is.

Die grootste nadeel wat aan De Villiers se *Geslachtregister* verbonde is, is dat dit net handel oor families waarvan die stamvader voor 1795 aan die Kaap voet aan wal gesit het. Dit bly egter 'n boek waarsonder geen navorser oor familiegeskiedenis in Suid-Afrika, waar die ou Kaapse families van die eerste Hollandse tydperk in die geskiedenis ter sprake kom, kan klaarkom nie. Daarby het dit waardevolle lig gewerp op die afkoms en samestelling van die Afrikaanse volk. Al die publikasies oor hierdie onderwerp wat na die verskyning van De Villiers se pionierswerk verskyn het, het in die skadu daarvan gestaan.

Die verskyning van dr Pama se *Groot Afrikaanse Familienaamboek* verteenwoordig egter 'n nuwe mylpaal in die geskiedenis van genealogiese navorsing. Dit is, soos De Villiers se boek, 'n pionierswerk. Dit handel oor die stamvaders van sowat 3 000 Afrikaanse families, waarvan almal hulle voor die jaar 1900 in Suid-Afrika gevestig het. Die belangrikste besonderhede van elke betrokke persoonlikheid, soos die van en betekenis van die van, volle name, plek van afkoms, geboortedatum, name en ander besonderhede van ouers en van huweliksmaat, troudatum, datum van aankoms in Suid-Afrika, beroep en verblyfplek hier, sterfdatum en aantal kinders nagelaat word sover moontlik verskaf. Daarby is sowat 450 van hierdie families se familiewapens in volkleur afgedruk, met besonderhede oor die wapens, en is die handtekening van 350 van die stamvaders, soos dit op argivale dokumente verskyn het, afgedruk.

Hierdie besonderhede is van groot waarde vir die leser, wat daarbenewens ook met algemene gegewens oor genealogiese navorsing en 'n bibliografie in hierdie verband bedien word. Die bruikbaarheid van hierdie boek tref dus oor 'n wye terrein. Sowel die ernstigste professionele genealoog as die toevallige leser, en die hele spektrum tussen hierdie uiterstes, sal *Die Groot Afrikaanse Familienaamboek* bruikbaar en fassinerend vind. Hierdie boek is bestem om Africana te word. Die uitgewers moet geluk gewens word met 'n keurig versorgde glanspublikasie, wat op elke Afrikaner met belangstelling in sy afkoms se boekrak tuishoort. Dr Pama, wat na dese sy posisie as voorste genealoog en heraldikus in Suid-Afrika bevestig het, verdien insgelyks net lof vir 'n keurige en waardevolle bydrae tot die Suid-Afrikaanse genealogiese studieveld.

JACKIE GROBLER  
*Universiteit van Pretoria*

GEORGE M FREDRICKSON, *White Supremacy, a Comparative Study in American and South African History*, New York, 1981, prys R16,00.

Die skrywer van hierdie boek is 'n professor in geskiedenis aan die bekende Northwestern University, VSA en die skrywer van o a *The Black Image in the White Mind* en *The Inner Civil War*. Hy het waardering vir Gwendolen Carter wat nie onbekend in SA is nie, asook vir C Vann Woodward wat 'n ekspert op die geskiedenis van die Suidelike state van Amerika is, maar veral vir Leonard Thompson, wat 'n sterk invloed op Fredrickson se siening van die Suid-Afrikaanse deel van sy boek uitgeoefen het. Die radikale historici wat die S A geskiedenis van veral die 20ste eeu uit 'n Marxistiese standpunt benader het, nl. F A Johnstone en M Legassick, het ook grootliks bygedra tot Fredrickson se siening van die S A geskiedenis.

Die boek is in die idioom van die anti-kolonialisme, dit is, 'n dekoloniasiestandpunt gekonspieer, wat 'n pro-swart en anti-blanke simpatie aan die lig bring, m.a.w. dit is vanuit 'n Afrikanistiese benadering geskryf wat die blankes van Suid-Afrika vanaf die begin in die Beskuldigdebank plaas, hulle skuldig vind en 'n oordeel oor hulle uitspreek, wat 'n mens laat twyfel aan die wetenskaplike strekking van die werk. Dit het 'n sterk propagandistiese inslag en is sterk teen die blankes van Suid-Afrika bevooroordeel. Die gevolgtrekking waartoe die skrywer geraak (p 281-2) het vooraf vasgestaan. Hy het na feite uit sekondêre bronne gesoek om sy standpunt te bevestig. Sy benadering weerspieël sterk die neo-liberale visie op die Suid-Afrikaanse verlede soos deur Thompson in die *Oxford History of South Africa* tot uitdrukking gebring, m.a.w. die skrywer het nie 'n onafhanklike visie op die S A verlede tevoorskyn gebring nie.

Vanaf die begin projekteer hy 'n hedendaagse begrip, "Herrenvolkisme", op die Afrikaners van die Groot Trek, Transvaal, die Unie en van 1948 (pp xi, 166, 178, 198, 270). Omdat sy visie op die verlede sterk aan Thompson gebonde bly, is dit geen wonder dat laasgenoemde dit "a marvelous book: a model of perceptive comparative history backed by superb scholarship", noem nie. Fredrickson sien die blankes van S A deurgaans as "white settlers", noem die Unie 'n "white settler state"; dié het die land van die inboorlinge gevat en hulle tot vandag toe as 'n "verowerde" volk behandel. Die terme "white invasion", "dispossession", "encroachment" en "resistance" word oor en oor gebruik — die swartes is die "victims of white occupation" (p 37). Hy herhaal die fout dat Graaff-Reinet en Swellendam "onafhanklike republieke" nagestreef het (p. 43).

Sy vergelykings laat veel te wense oor: dit is tog duidelik dat die Groot Trek en nie die Anglo-Boereoorlog van 1899—1902 nie, met die Amerikaanse onafhanklikheidsoorlog vergelyk kan word, maar dit doen hy nie, hy stel die Groot Trek gelyk met die Amerikaanse burgeroorlog; van die 1913-Naturellegrondwet spring hy gerieflikheidshalwe na 1948 en ignoreer wat tussenin lê i.v.m. swart beleid (p 240). Die skrywer lê groot klem op die 7% swart bloed in Afrikanerare, en sien die Groot Trek uiters eysdig as 'n strewe na "individual autonomy" — "a movement that asserted simultaneously their right to rule arbitrarily over non-whites and their right to be free of any authority over themselves to which they had not given their assent" (p 169). Volgens Fredrickson het die Trek die Kaapkolonie in die steek gelaat, was dit "secession", 'n reaktiewe daad op die vrystelling van die slawe en die emansipasie van die Hottentotte (Khoikhoi). Hy skep 'n uiters negatiewe beeld van die Afrikaners ("settlers"). 'n Mens sou sy boek as "vyandelike verstaan" kan omskryf.

Die kapitaliste van die Rand het volgens Fredrickson aangesluit by die tradisionele patroon "of coercing black labor that had its ultimate roots in slavery and Khoikhoi indentured servitude" (p 220). Ook apartheid berus op 'n "slawehouersmentaliteit", en kom dus uit die 17de en 18de eeu. Van 'n strewe na selfbehoud van die Afrikaners weet Fredrickson niks: Vir hom gaan dit om 'n veroordeling van die blanke Suid-Afrikaners (pp 237—38). Die tuislande is volgens Fredrickson slegs "a reservoir of cheap and coercible labor for the rest of the country" (p 245). Die skuldige bevinding van die blankes spreek uit Fredrickson se bevinding: "After whites had seized the regions with the most fertile land and exploitable resources, the indigenes were consigned to a fraction of their original domain" (p 247). Van die ontstaan van die reserwes word niks gerep nie. Daarby is die skrywer geïnteresseer in die swarts van S A se "revolutionary struggle". Die "mob lynchings" van die Suidelike Amerikaanse state vergelyk hy met die S A polisie en weermag se dade van "terreur" teen die onderdrukte swartes (p 252).

Tot watter slotsom kom Fredrickson? Hy voorspel "a new South Africa for the Africans" (p 281), waarin die blankes se posisie kan verander na "disenfranchised aliens in the land of their birth". Die blankes kan selfs uit die land gesit word deur die "victorious African nationalists" (pp 281—2) by wie Fredrickson se simpatie lê. Sy boek bevat 'n boodskap aan die wêreld: die "White regime" van Pretoria, die "white supremacists" moet hoe gouer hoe beter tot 'n val gebring word. Tog is daar heelwat te leer uit sy historiese vergelyking wat 'n moeilike vorm van geskiedskrywing is. 'n Ideale boek het dit egter nie geword nie.

F A VAN JAARSVELD  
Universiteit van Pretoria

KAREL SCHOEMAN, *In liefde en trou, die lewe van pres. en mev. M T Steyn*, Human & Rousseau, Kaapstad, ens., 1983, 154 pp, R22,50.

Daar bestaan reeds 'n geruime tyd 'n behoefte aan 'n standaard-biografie van president M T Steyn. Behalwe die tweedelige biografie deur sy skoonseun, N J van der Merwe, *Marthinus Theunis Steyn: 'n lewensbeskrywing*, wat reeds in 1921 uitgegee is, het geen vergelykbare lewensbeskrywing sedertdien verskyn nie, behalwe Johannes Meintjies se populêre werk in Engels wat in 1969 geskryf is. Die enigste biografie van mev. Steyn, *Rachel Isabella Steyn* deur Nellie Kruger, het in 1949 verskyn.

In die onderhawige werk van Karel Schoeman word 'n beknopte en oorsigtelike lewensbeskrywing van die egpaar Steyn gegee. Die doel van die skrywer was om President en mev. Steyn opnuut bekend te stel by 'n geslag vir wie hulle nie veel meer as name is nie, en om hulle sover moontlik te teken as lewende mense, nie plegtige wasbeelde in 'n historiese tablo nie. Hiermee het die skrywer groot sukses behaal, want hierdie populêre werk, wat hoofsaaklik op die herinneringe van tydgenote berus, is voorsien van bykans 70 briewe uit die privaat-korrespondensie van die presidentspaar en 'n omvattende fotobeeld. Die aanhaal van hierdie briewe verskaf insig in die presidentspaar se persoonlike lewens en gevoelens en verleen kleur aan die reeds bekende historiese gebeure. Die eindresultaat is 'n baie simpatieke leser wat emosioneel betrokke raak by die lief en leed van die half-invalide president en sy sieklike Engelse vrou.

Die boek is chronologies in hoofstukke verdeel. Die eerste hoofstuk, 1857—1899, begin by die

geboorte van President Steyn en sy vrou, hulle jeugjare, huwelik asook eerste jare as jong presidentspaar. Hoofstuk 2, 1899—1902, handel oor die Anglo-Boereoorlog, die egpaar se onderskeie rolle daarin asook die president se siekte wat veroorsaak het dat hy van die nek af volkome verlam was terwyl sy stembande en sy gesig aangetas was. Hoofstuk 3, 1902—1905, behandel die egpaar en hulle vyf kinders se verblyf in Europa waar daar pogings aangewend is om die president van sy siekte te genees. Hoofstuk 4, 1905—1916, dek hulle verblyf op die plaas Onze Rus nadat die president gedeeltelik herstel het maar fisies 'n geknakte man gebly het. Die skrywer beskou President Steyn se deelname aan die Nasionale Konvensie as die toppunt van sy openbare lewe en ook as sy grootste bydrae tot die ontwikkeling van Suid-Afrika. Heelwat simpatie word by die leser gewek deur na die president te verwys as "half-blind and half-paralysed by the privations and exposure of war, but bringing to the work of union and reconstruction that same intense moral exaltation which for so long sustained the stubborn struggle for republican independence" (p 125).

President Steyn se teleurstelling en ontugtering oor die woelinge in Afrikanergeledere en die skeuring tussen Botha en Hertzog word ook duidelik uitgebeeld. Op 28 November 1916 is hy oorlede en vyf dae later by die vrouemonument buite Bloemfontein ter aarde bestel. Die laaste hoofstuk, 1916—1955, handel oor mev. Steyn se bykans 40 jaar sonder haar man. In hierdie tyd het sy as individu bekend geraak en 'n toenemende mate van agting en liefde afgedwing. Sy was byna 90 toe sy op 3 Januarie 1955 in Bloemfontein oorlede is en langs haar man by die Vrouemonument begrawe is.

Hierdie biografie berus op uitgebreide navorsing, soos duidelik uit die bronne blyk, maar dit is met soveel literêre vaardigheid geskryf dat dit in die smaak van leek én historikus sal val.

ELRIDA BELL  
Universiteit van Pretoria

#### Europa/Europe

JAMES HINTON, *Labour and socialism: a history of the British labour movement 1867—1914*, Wheatsheaf Books, London, 1983, ix + 212 pp., index.

The growth of the British labour movement is not a success story and the inherent weaknesses of the movement are explored in this compactly written volume. Mr Hinton's *tour de force* of British socialist politics and trade unionism over a century welds together the strands of rising working-class ideology, changing party-political developments and inconsistent industrial alliances. Nothing new is said, but the essence of recent researches in this popular field informs the text.

The exclusivity of early trade union organization in the 1860's and the relation between capital and the steam engine in shaping the British social order are the central themes of chapter 1. The thrust of the argument is obvious to students of the late Victorian period — that as more and more wage-earners joined unions the "intermediate strata" of the working-class acquired new power. Such status differentiation combined with an increasingly middle-class "consumption-centred culture" naturally lessened the homogeneity of the British industrial class and consequently inhibited the realisation of a uniformly socialist mass movement by 1900. What Hinton also shows is that the rise of socialism owed more to the decline of liberalism than to its own internal strength. Of course, New Liberalism proved to be remarkably adaptable and cheated socialism of a quick victory.

It was essentially the Anglo-Boer war that occasioned Lib-lab cross-pollination and certainly the tide of imperialism and domestic squabbles about education destroyed any hope of a new progressive party emerging from the "liberal heap" by 1906. In fact, the Labour party had a chequered career in the years before the First World War. And it is Hinton's contention that war came just in time to save the labour alliance. For him the discontinuity of international conflict gave the Labour party the breather it needed to marshal its forces and resolve its dissensions. It is perhaps this section on the "impact of war", more than the others that sublimely demonstrates the quality of modern British historical writing.

Economic nationalism followed on the heels of the Great Depression and finally buried the old liberal order. One might have expected that mass unemployment, industrial turmoil and political defeats would have shattered the labour movement, but the author mobilizes wide evidence to illustrate its amazing resilience — achieved, he claims, by the institutional stability attained immediately before 1920. The Labour party in office should have confirmed this staying power. Instead, it became another "top hat government" and Ramsay MacDonald was never close to the unions. The advance towards socialism was further handicapped by the lack of prosperity in Britain and trade union leadership had to accept that few gains could be made in terms of legislation. It seems that when the Labour government was ousted in 1931 it was only the T.U.C. which really held the party together. But it is Hinton's belief that this union revival came too late to influence electoral politics in the thirties.

The conventional wisdom is that the Second World War was crucial to the fortunes of labour. Hinton agrees. What he does dispel, however, is the notion that the 1945 landslide was the "threshold of gradual transition to socialism" and also disputes the popular theory of the "people's war" which enunciates a war-

time corporatist ideology: the "Dunkirk spirit" actually sharpened class antagonism because of bitter resentment on the part of workers and rank-and-file soldiers against the Establishment for its gross military incompetence. This is debatable. Was the working-class aware of wartime mismanagement? Is it not more feasible that Labour won the day because workers feared a return to the poor economic conditions of the 1930's?

In chapter II the author's cutting edge is blunted. The "labour movement in crisis" is a tantalizing title, but it proves to be nothing more than a phantom. The corpus of material in the memoirs of Richard Crossland, Harold Wilson, George Brown, Barbara Castle and prominent trade union leaders was not consulted and the author races to 1974, skating over Britain's drastic industrial decline accompanied by desperate devaluations of currency and wholesale nationalization. Bevanism is dismissed with short shrift, the revisionist "new thinkers" like Roy Jenkins are passed over while only Gaitskell (and rightly so) gets an honourable mention as the champion of labour unity occasioned by the Common Market issue. Wilson makes his appearance to have coals heaped upon his head for becoming Fourteenth Earl. However, Hinton's treatment of the rift between left and right in the labour party and the increased militancy of trade unions after 1970 recovers some of the historical rigour of earlier chapters.

GREG CUTHBERTSON  
*University of South Africa*

STEPHEN AND ELIZABETH USHERWOOD, *The counter-armada, 1596: the journal of the 'Mary Rose'*, The Bodley Head, London, etc., 1983, 176 pp., illus., maps, appendices, index. R19,55.

The manuscript upon which this attractive little book is based has long formed part of the treasures of the library of Lambeth Palace in London. It bears no signature, but its authorship has recently been established beyond doubt. It was written by Sir George Carew, commander of the *Mary Rose*, a royal ship of Sir Walter Raleigh's squadron in the considerable fleet of the highly successful Anglo-Dutch naval and military assault on Cadiz in 1596 led by Howard of Effingham and the Earl of Essex. Plunder was certainly one of the objects of the expedition, but more important was the need to destroy Spanish ships and munitions to prevent any repetition of the Spanish attack on England in 1588, when that nation's armada was providentially dispersed before it could inflict any damage.

Carew's 'Journal of all the particularities that fell out in the voyage' is reproduced here as an appendix (pp. 124–158), but key passages in modern spelling are used by the Usherwoods in conjunction with other contemporary material in a lively reconstruction of events which also serves to place the expedition in historical perspective. The picture is made more vivid by the comments of Queen Elizabeth I's personal physician Roger Marbecke, making his first voyage on her orders aboard the *Ark Royal* to guard the health of Howard of Effingham, and by the poetry of John Donne, then a volunteer on Essex's flagship the *Due Repulse*. Although the queen could have wished for a greater share of the spoils, she paid handsome tribute to the courage of her subjects, praising the commanders in a phrase which has a Churchillian ring: 'Never was heard in so few days of so great a work achieved' (p. 11).

Stephen and Elizabeth Usherwood are to be commended upon a sound and imaginative interpretation. The book is well illustrated and the jacket design of the approaches to Cadiz from the *Mariner's Mirror* of 1588 deserves special recognition.

M BOUCHER  
*University of South Africa*

E CHRISTIANSEN, *The Northern Crusades: the Baltic and the Catholic Frontier 1100–1525*, Macmillan, London, 1980, maps, illus., index. R11,85 + GST.

The northern crusades have been largely the preserve of German historians. This well-written book rescues them from obscurity in the English-speaking world. Between the twelfth and sixteenth centuries the Baltic region was a theatre of wars which transformed societies and extended the frontiers of Latin Christendom. Given the status of crusades by papal sanction, these wars were based on some odd rationalizations about just and holy wars and always had obvious secular motivations alongside the pagan-bashing.

Several themes develop here. The book is not only a history of campaigns. It explains the complicated interplay of worldly and religious factors behind the crusades and sets out the political, social and economic changes they brought about.

The influence of the papacy's power in European politics during much of the period is evident, particularly in its ambivalent attitude to any extension of German power. The Hohenstaufen enemy should

not be allowed to prosper. But on the other hand, Catholicism should be extended.

In 1146 Pope Eugenius II called a crusade to the Holy Land. St Bernard of Clairvaux managed to divert Saxon enthusiasm for a crusade into an attack on the Slavs, and in 1147 the pope authorized the Wendish crusade. Bernard advocated conversion by force, an attitude which pervaded this long series of wars. Force was applied indiscriminately to win converts, lands and trade. Notable Catholic thinkers always opposed the idea of forced conversion, and the theological controversy about this runs through the book. But powerful forces espoused such convenient reasons for making war, and one of the most persistent was the monastic knightly order of the Teutonic Knights. Until their decline from the fifteenth century, the Knights successfully pushed the Catholic frontier out to the east. Sadly, they did this to the accompaniment of a long catalogue of atrocities and unnecessary violence. After that, they sank into obscurity, faced with their own declining military power, a resurgent Catholic Poland and papal coolness. With their decline, the crusades petered out.

All the parties to these conflicts adapted to change ingeniously, even to the extent of adopting Catholicism outwardly to stave off profounder changes. The whole book is an intriguing story of societies in change, adaptation and resistance. And everything must be seen against the crusading ideal which provided an overriding motive to many: badly formulated, resting on most unsatisfactory theology, yet taken very seriously.

When the fighting was over, the Baltic region was greatly changed. Latin Christendom was larger and its gains more extensive than those of the Greek church, which had also tried to win over this area. German influence was imposed with enough permanence to survive until the ultimate reverse of 1945. And the world had one less pagan frontier to think about.

R J BOUCH  
University of South Africa

P H KAPP, J C MOLL, P L SCHOLTZ, P S DE JONGH en L W F GRUNDLINGH, *Geskiedenis van die Westerse Beskawing, Deel I: Oorsprong tot Intellektuele Rewolusie*, Pretoria, HAUM, 1982, 434 pp., kaarte, illustrasies, indeks, R28,20.

Die skrywers van hierdie publikasie is almal praktiserende historici aan Afrikaanstalige universiteite in Suid-Afrika verbonde. In die voorwoord stel hulle hul ten doel om, met die daarstelling van hierdie boek, in twee behoeftes te voorsien. Die eerste is die behoefte aan 'n handboek vir eerstejaarstudente en tweedens die behoefte aan Afrikaanse leesstof vir die leser wat belangstel in 'n oorsig oor die geskiedenis van die Westerse beskawing. Die vraag wat die resesent moet beantwoord, is: slaag die skrywers in albei doelstellings? Die antwoord is ja en nee. Wat die tweede doelstelling betref, dien die boek wel om aan 'n belangstellende leser 'n oorsig oor die Westerse beskawingsgeskiedenis te gee, maar met voorbehoude. 'n Mens kry die indruk dat die skrywers hulle nie beywer het om daardie geskiedenis op entoesiastiese wyse aan te bied nie. Die gevolg is dat die leser nie deur die vertelling geboei word nie en geensins geprikkel word om vol te hou met die lees van die boek nie.

Die eerste doelstelling in die voorwoord genoem, word geensins bereik nie, want die boek kan beswaarlik deug as handboek vir eerstejaarstudente. Daar is verskeie redes. Enigiemand met ondervinding van die gemiddelde eerstejaarstudent in die vak Geskiedenis sal weet dat sy of haar grootste probleem is om die massale omvang (wat die student betref) van die leerplan baas te raak. Hy word deur 'n oormaat name en datums verwar en staar hom so blind daarteen dat hy nooit die sentrale temas of deurlopende strominge opmerk nie. Daar is publikasies in Afrikaans wat as handboek vir eerstejaarstudente in Westerse beskawingsgeskiedenis gebruik kan word, soos M Sart en P de Klerk se boeke, maar veral laasgenoemde se grootste nadeel is dat dit te veel detail bevat, 'n surplus kennis en feite waarvoor geen student hoef te beskik om werklik die opkoms van die Westerse beskawing te kan begryp en verklaar nie. Hierdie nuwe publikasie van professor Kapp en sy kollegas gaan mank aan dieselfde gebrek. Die Afrikaanstalige eerstejaarstudent het nie behoefte aan 'n ensiklopedie van feite nie, maar aan 'n geskiedenis-handboek.

Bo en behalwe die bogenoemde maak die skrywers en uitgewer van *Geskiedenis van die Westerse Beskawing: Deel I* hulle telkens aan onnodige nalatighede en inkonsekwentheid, sowel as herhaling skuldig. Ek noem enkele voorbeelde. Op die hardebandomslag staan in die onderopskrif "Rewolusie", terwyl dit op die rug "Revolusie" gespel is. Metrieke mates en gewigte is feitlik deurgaans gebruik, maar op p. 7 staan oor die piramide van Gizeh dat dit "13 acre" beslaan en "bykans 500 voet hoog" is. Op p. 8 word geskryf dat die Egiptenare 'n kanaal gegrawe het om die Nyldelta met die Rooi See te verbind, 'n stelling wat op p. 9 herhaal word. Op p. 28 word 'n paragraaf in die middel van 'n sin afgebreek om direk deur 'n onderopskrif gevolg te word. Met verwysing na Homeros se *Ilias* (p. 32) word beweer die Mykeners het Troje tien jaar lank "beset". Dit moet natuurlik wees "beleer". Foute van hierdie aard was veral talryk in die eerste hoofstuk of wat van die boek, waarin daar ook 'n betwyfelbare stelling voorkom. Op p. 28 staan daar oor Sanherib se

Assiriese veldtog in Juda in 701 v.C. die volgende: "Die Assiriers het Jerusalem beleer en in die nag is 185 000 Assiriers gedood." Die waarskynlike bron vir daardie bewering is die Bybelteks II Konings 19:35, waarin dieselfde getal genoem word. Die gelate aanvaarding en verdere verkondiging van die gemelde bewering verteenwoordig 'n onverskoonbare naïfwiteit. Die Bybel is as historiese bron van groot waarde, maar die getalle wat daarin genoem word is soms oordryf. (Vgl. in hierdie verband H.A. Brongers, *II Koningen. De Prediking van het Oude Testament*, C.F. Kallenbach N.V. Nijkerk, 1970, p. 196).

Ook later in die boek is daar mistastings. Op p. 175 staan daar oor die Middeleeuse feodale stelsel: "Die toenemende gebruik van die tweelandstelsel in stede van die ou drielandstelsel het meegebring dat 'n dorpie twee derdes van sy bougrond jaarliks kon gebruik en sy produksie heelwat kon opstoot." Die skrywer misgis hom — dit was juis toe die drielandstelsel die tweelandstelsel vervang het, dat die produksie heelwat opgestoot is. Laaste punte van kritiek is eerstens gevalle waar heelwat bladsye afgestaan word aan die detailbespreking van sekere aspekte, terwyl ander ontwikkelinge, wat miskien net so belangrik geag kan word, heelwat minder aandag kry. In hierdie verband word daar meer aandag gegee aan die verloop van die Kruistogte as aan die Nederlandse Tagtigjarige Oorlog en die interstaatlike Tagtigjarige Oorlog saam. Die volgorde waarin die geskiedenis bespreek word is soms ook onverstaanbaar, byvoorbeeld die bespreking van die Tagtigjarige Oorlog, wat deels 'n stryd tussen Katolieke en Protestante was, voordat die Protestantse Hervorming self behandel word.

Daar is heelwat positiefs oor *Geskiedenis van die Westerse Beskawing: Deel I* te rapporteer. Die boek bevat talle kaarte en illustrasies om die teksverduidelikings te illustreer en die 'verstaan' van die geskiedenis te vergemaklik. Die boek is voorts nie 'n blote politieke geskiedenis met hier en daar iets oor ekonomiese en kulturele sake as 'n naskrif nie: daar word indringende aandag gegee aan die kommersiële en intellektuele rewolusies van vroeg-moderne Europa met voldoende klem op hul belangrikheid in die ontwikkeling van beskawing. Daardie aspekte maak hierdie publikasie 'n waardevolle bydrae tot die klein variasie van Afrikaanstalige geskiedenis van die Westerse beskawing vanaf die antieke tot die vroeg-moderne tydperk.

JACKIE GROBLER  
*Universiteit van Pretoria*

#### Rusland/Russia

MARTIN McCAULEY, *The Soviet Union since 1917*, Londen, 1981, prys R19,90.

McCauley is 'n lektor in Russiese en Sowjet-instellinge in die Skool vir Slavoniese en Oos-Europese Studies aan die Universiteit van Londen. Hy skets die geskiedenis van Rusland van die Kievytydperk tot die hede. Dit gaan nie net om 'n interne geskiedenis van Rusland nie, maar ook om sy rol in Europa en die wyer wêreld. Die skrywer behandel die Russiese Rewolusie van 1917, die nuwe ekonomiese beleid, skryf oor die jare dertig se industrialisasie en kollektiwisasie en Stalinisme, waarna die "groot vaderlandse oorlog" aan die beurt kom, wat in die aangesig van Hitler se mislukking kans op lewensvatbaarheid en ekspansie aan die Sowjet-unie gebied het. Aandag word aan die laaste jare van Stalin gegee, waarna die Chroestsjof-era aan ons voorgestel word. Die boek sluit af met die tydperk van Brezhnev.

Ons kry 'n beeld te sien van die groei van die Sowjetstaat vanaf sy begin in 1917 tot in ons tyd waarin hy tot 'n supermoondheid geword het. Politieke, sosiale en ekonomiese aspekte word aangebied en die Russiese internasionale verhoudinge behandel. Ook Afrika kom ter sprake, waarin ons 'n uitbreidingsbeleid deur middel van aansluiting by die swart nasionalistiese bewegings te sien kry, wat hoë eise aan die Weste en veral die VSA stel. Die skrywer deel ons mee dat die Sowjet-unie in 'n veelvullige ryk ontwikkel het, dink maar aan die anneksasie van Afghanistan, en dat hy al meer met nasionaliteite-probleme te doen gaan kry, wat sy posisie moontlik kan verswak. Daar bestaan ook ekonomiese probleme, dink byvoorbeeld aan die mislukking van kollektivistiese boerdery wat die Sowjet-unie dwing om koring van Amerika in te voer. Verder bestaan daar 'n godsdienstige probleem: die geabsorbeerde volke, veral die Islamitiese. Minderheidsvraagstukke, religieuse teëstellinge en ekonomiese probleme voorspel nie veel goeds vir die toekoms van die Sowjetryk nie.

Benewens hierdie probleme kry ons insae in die Sowjetverhouding tot Sjina in die Derde Wêreld. Dit is bekend dat Sowjet-Rusland byna 'n magiese aantrekkingskrag op hom uitoeven. In die stryd teen "kolonialisme" het hulle by Rusland om wapens aangeklop. Dié wil die Westerse kapitalisme in die kolonies en voormalige kolonies ondermyn, wat die Sowjet-unie as 'n soort "bevryder" in die oë van Derde Wêreldlande laat verskyn. Hierbenewens kry ons insae in die kwessie van armoede in die Sowjet-unie, die lewenstandaard en ideologiese verskille met ander kommunistiese lande. Die boek is gesaghebbend en ont-hul baie van wat die geïnteresseerde leser van die Sowjet-unie behoort te weet.

F A VAN JAARVELD  
*Universiteit van Pretoria*

A NOVE, *Stalinism and after*, George Allen and Unwin, London, 1981, 207 pp., bibl., index, R12,00.

The author of this work is Director of the Institute of Soviet and Eastern European Studies at the University of Glasgow and a distinguished writer on Soviet affairs. In this work, he has looked at the origins and nature of Stalinism, its modification after the despot's death and the nature of the Soviet system presided over by Brezhnev. To this end he has concentrated on causes and trends rather than detail.

As the author stresses in his preface, this is not a biography of Stalin or of his successors. It is the study of an awesome party-state machine devised and controlled by a feared and fearsome dictator, and the extent to which that machine could be maintained in an increasingly unstable and dangerous world.

The account is highly readable and evocative, enlivened as it is by the injection of the occasional reminiscence and opinion. Having visited the Soviet Union on numerous occasions, few are as qualified to write on this complex and intriguing society as the author. He has thoughtfully included brief biographical details on the main "actors" of the Soviet political scene, as well as a full chronology of the period 1917 to 1965, at the end of the book.

Students and laymen of Soviet history will find much of value in this work.

D M SCHER  
*University of South Africa*

#### **Economische geschiedenis/Economic history**

MARGOT E VAN OPSTALL EN ANDEREN, *Vier eeuwen Nederland-Japan, Kunst — wetenschap — taal — handel*, De Tijdstroom BV, Lochem 1983, 84 pp., geïll., prijs f.15.

Van 1640 tot 1854 was de kleine Nederlandse handelspost, als een ghetto op het eilandje Deshima gevestigd, de enige verbindingsschakel tussen Japan en het Westen en het enige venster der Japanners op de wereld. In deze jaren en nog een kwart eeuw daarna heeft Japan veel aan de Nederlandse wetenschap en techniek te danken gehad. Nederlanders hebben voor het Westen de grondslag van de japanologie gelegd. Het Nederlands-Japanse verkeer was niet alleen commercieel, het droeg veel bij tot de kennis en cultuur der Japanners. Daarom bestaat er een instituut voor Nederlandkunde met ten minste twee professoren in de Universiteit van Tokyo.

Er is van Japanse en Nederlandse zijde veel over de wederzijdse betrekkingen gepubliceerd en de belangstelling in Japan is levendig. De nieuwste bijdrage tot deze historiografie is het hier besproken boekje, dat fraai verlucht is met enige van de vele, altijd boeiende Japanse afbeeldingen van de roodharige Nederlanders, hun schepen, gebruiksvoorwerpen, sociale gedrag en de vreemde dieren, welke zij vlot aan Japanse rijkards verkochten.

Na een woord vooraf van Prins Takahito Mikasa volgen opstellen van M.E. van Opstall over de Japans-Nederlandse betrekkingen in 1609—1856 — hoofdzakelijk de commerciële —, Frits Vos over het dagelijks leven der Nederlanders op Deshima, W. van Gulik over Hollanders in de Japanse kunst (rijk geïllustreerd), J. de Vries over de diplomatieke en culturele betrekkingen en nogmaals F. Vos over de Nederlandse taal in Japan. Het zijn bondige, uitstekende artikelen. F. Vos schrijft interessant over het liefdeleven der Nederlanders op Deshima, die geen Nederlandse vrouwen mochten meebrengen en geregeld met Japanse publieke vrouwen omgingen; zij hebben dan ook verscheidene Madame-Butterfly-kinderen in Japan gekregen, bijvoorbeeld de latere gouverneur-generaal van Oost-Indië, Jacques Speck, Hendrik Doeff, die de Nederlandse vlag op Deshima heeft laten waaien, terwijl alle andere Nederlandse koloniën door de Britten bezet waren, van 1795 tot 1815, en de Japan-deskundige Philipp Franz Balthasar von Siebold (München 1796 — Würzburg 1866). Belangwekkend is ook, dat op voorstel van Von Siebold de koning van Nederland in 1844 en 1852 de Japanse regering heeft aangeraden om Japan voor contact met het Westen te openen. De regering wees dit advies van de hand, maar reeds in 1853 verscheen het zwarte eskader van commodore Perry uit de Verenigde Staten in Japanse wateren en dwong de openstelling van Japan af.

Helaas ontbreekt een bibliografie in het hier besproken verdienstelijke werkje.

C DE JONG  
*Universiteit van Suid-Afrika*

YAMADA YOSEI, *Yogiotoru eshi* (Whaling in words and pictures): Investigations in cetacea, edited by G. Pilleri, Institute of brain anatomy, University of Berne, Volume XIV, Supplementum, Berne, Switzerland, 1983. 118 pp., ill.

The old Japanese whaling trade before the Industrial Revolution (1860—70) was a coastal trade and dated from prehistoric time. Some years after 1600 it was organized in an early-capitalistic way and practised from

shore stations with extensive personnel and equipment. Most stations were situated on the west coast of Kiushu at or near the Strait of Korea. Its capitalistic character was intensified by the introduction of large whale nets between 1670 and 1680.

Japanese whaling developed independently of Western whaling. It shows similarities but also conspicuous deviations from Western whaling, such as the peddling of the boats by standing men instead of using oars; the use of nets to stop and envelop whales before harpooning and lancing them; the capture of fin-whales with nets (a species which were mostly avoided by Western whalers who did not use nets); the fastening of a towing rope to the head of the dying whale; the linking of two towing boats by ropes placed under the dying whale to prevent it from sinking after dying; the use of the meat as the main product because fodder was scarce in Japan; and the use of all other parts of the whale — Westerners used only the blubber and baleen plates while only poor mountain peoples such as Basques and Norwegians consumed whale meat. The Japanese did not use sailing ships for whaling operations.

The Japanese shore whaling attracted the attention of many Western visitors — among them several Dutchmen. As the Dutch held the only link between Japan and the Western world in their trading post on Deshima in 1640 — 1854, their reports on Japan are of importance. One of them, doctor E. Kaempfer, informs us, in his book on Japan (1727), about whaling and the introduction of whale nets.

Towards 1800 the first Japanese pictures and books of whaling with artistic, lively illustrations were printed. Most Western visitors could not read the text but liked the pictures and brought them and books to Europe and the U S A.

The first Japanese whaling book which was translated, was that by Yamada Yosei, *Yogiotoru eshi* (Whaling in words and pictures), Tokyo, 1829. Professor R Lange of Berlin translated it and Dr. K Moebius published his abbreviated translation with 14 small illustrations in German in 1894. Thereafter several articles on old Japanese whaling appeared in Western countries, but a complete translation did not appear because of the difficulties springing from the pictographic Japanese letters and the archaic language and many professional terms.

Professor G Pilleri of the Institute for brain anatomy who is studying the brains of whales as highly developed mammals, is very interested in whaling history and found three Japanese professors who have each translated a part of Yamada's book into English, adding linguistic notes. L Harrison Matthews, who edited the book *The Whale* (London 1968), and Pilleri have written a short introduction and Pilleri has published the translation. The text is detailed and has 40 pictures in black and white. The book describes in detail a shore station at the Strait of Korea, the making of ropes, nets and boats on the station, the catching and processing of whales, the captured whale species and parts of them. The drawings picture the whale species conspicuously slimmer than Western pictures until a decade ago and more correctly — the Japanese have always been attentive observers.

The translation of Yamada's book is a valuable contribution to whaling literature. More extensive books with even finer, coloured illustrations have been printed in Japan and found their way to Western libraries. I hope that they too will be translated and published.

C DE JONG  
*University of South Africa*

### Kunsgeskiedenis/History of Art

JOHN ROMBER, *Valley of the Kings*, Michael Joseph & Rainbird, Londen, 1981, 293 pp., ill., R28,00.

Indirek is die Koningsvallei in Egipte van belang vir die hele kontinent van Afrika tot die suidelike punt toe. Die Vallei lê wes van Thebe en in die oudheid is dit gebruik vir grafte van die Egiptiese konings. Daar was 'n groot aantal en voor die wêreldoorloë is soms elke jaar 'n nuwe graftombe ontdek. Aan die einde van die Nuwe Koningstydperk het die regering weer na die noorde beweeg en het die bevolking weggetrek. Meeste van die grafte is in die ou tyd reeds beroof en die mummies is later in twee grotte saamgebring en daar gelaat.

Naderhand het besoekers gekom. Die Romeinse reisigers Diodorus en Strabo het hulle name op 'n muur geskryf. Mense kom en gaan, maar die grafite bly agter, net soos met die Heerenlogement naby Vanrhynsdorp. Na die Arabiese verowering van Egipte in 642 het die Koningsvallei egter in vergetelheid geraak. Eers in 1707 word dit herontdek deur Sicard, gevolg deur Bruce en Browne. Die Napoleontiese periode, met die oprigting van die Wetenskaplike Instituut, bring Vivant Denon en William Hamilton. Hulle was die laaste wetenskaplikes wat geen weg geweet het met die Egiptiese skrif nie. Die Rosettasteen en die ontsyfering daarvan deur Champollion het die Egiptiese geskiedenis laat oopslaan soos 'n boek, alhoewel daar tot vandag toe nog periodes is waarvan die verloop nie baie duidelik is nie.

Dit was Auguste Mariette wat die onbepaalde uitvoer van Egiptiese antieke voorwerpe na Europa en Amerika beëindig het en wat 'n begin gemaak het met 'n museum, wat later tot die nou beroemde Cairo-



Museum uitgegroeï het. Ons kan dit net betreur dat die moderne stratigrafiese opgrawingsmetodes nie eerder bekend geword het nie.

Die eerste Egiptiese direkteur van oudhede, Lorent, het die grafte van Tuthmoses III en Amenhotep II gehanteer. Dit is merkwaardig dat 'n tekening op papyrus uit die graf van generaal Mahirpra 'n donker figuur met swart kort hare uitbeeld. Naderhand het geblyk dat die man 'n Nubiese negroïede-figuur was. Hieruit kan afgelei word dat swart mense op een besondere tradisionele manier op die papiri en muurskilderinge weergegee word. Meeste figure word egter anders uitgebeeld as die manier waarop die swart mense weergegee word en ons het hiermee 'n direkte weerlegging van die teorieë van professor C A Diop wat die Egiptenare en meeste van die Voor-Asiatiese beskawings vir swart beskawings hou.

Maspero het na verloop van jare Lorent vervang. Dis hy wat Howard Carter in diens geneem het om toesig te laat hou oor 'n aantal restourasies. Carter se hantering van die graf van Sennefer het gelei tot die eerste werklik argeologies-wetenskaplike verslag wat oor die Vallei uitgebring is. Carter het vervolgens die grafte van Tutmoses IV en Hatshepsut behartig en uiteindelik die wêreldberoemde vonds van die graf van Tut-Ank-Amon gemaak. Tot 'n groot mate sluit die verhaal van John Romer hiermee af.

Die Vallei van die Konings is 'n terrein wat baie onderhewig is aan watervloede en rotsverskuiwings. Party opgrawings is net op tyd gedoen sodat hoognodige restourasies verrig kon word. Die omsigtigheid en wetenskaplike metodes wat Howard Carter by die berging van die inhoud van die grafkelder van Tut-Ank-Amon toegepas het, wek in alle opsigte bewondering in die lig van die herhaalde probleme met toenemende Egiptiese regeringspersone en sy gedurige vrees vir 'n plotselinge watervloed. Carter se hantering was 'n meesterwerk.

Die koningsgrafe is nou uitgeput, maar daar is nog 'n aantal rusplekke van howelinge, generaals en vorstelike familieleden wat gevind moet word. Nogtans het die belangstelling vir die Vallei na die sensasie van Tut-Ank-Amon verflou. Eers onlangs, in 1979, is die Thebianaanse Stigting gestig, wat met hernude belangstelling en gewapen met die modernste hulpmiddels ondersoek doen. Die benadering is nou egter nie meer toegespits op versamel nie, maar veral op beskerming en bewaring. Die jong wetenskaplikes aan wie die taak toevertrou is doen voortreflike werk.

Die illustrasies in die boek omvat minder bekende voorwerpe en gesigte in die grafte self. Daar is 'n aantal afdrucke van glasnegatiewe wat onlangs in 'n ou werkplek aangetref is.

Dit is 'n belangrike boek wat 'n uitstekende oorsig verskaf van die Koningsvallei. Daar word ook ingegaan op outydse gebruike en daaglikse gewoontes waarvan 'n hele aantal blykbaar oor die Afrika-kontinent versprei is en wat ook ooreenkoms toon met party gewoontes wat by die swartmense in Suid-Afrika gangbaar is. Toekomstige navorsing sal sekerlik sterker kan aandui wat die onderlinge betrekkinge tussen die verrskillende streke was.

F G E NILANT  
Universiteit van Pretoria

ABE BERRY, *Johannesburg in drawings and text*, Tafelberg, Kaapstad, 1982, 96 pp, ill., R12,50.

Kan daar nog iets nuuts vertel word oor Johannesburg as stad? Abe Berry, bekende spotprenttekenaar, het vir ons gewys dat dit wel kan, en hy doen dit op 'n hoogs persoonlike manier. Spotprente stem in baie opsigte ooreen met die stemmingstekening. Albei weerspieël 'n skerpe oog vir die werklik tiperende; nie net in voorkoms nie maar veral ook in sfeer. Dit kan wees 'n klein hoekie, 'n skuinse paal, onverskillige verbygangers by iets wat werklik snaaks is en wat hulle net nie raaksien nie. Kortom, dit omvat wat 'n buurt of 'n stad werklik eie is.

Abe Berry besit die vermoë vir skerp waarneming in hoë mate. Bowendien kan hy dit in opmerklik raak tekeninge en waterverwe weergee. Hy is baie gevoelig vir die stad met sy verskillende aspekte en soms eksotiese plekkies. Ook toon sy werk 'n sterk ontwikkelde gevoel vir verfynde humor, reaksie op menslike handelinge, uiting van diepe sorg oor die deurgaans so ondergeskikte probleme van die daaglikse lewe.

Daar is egter meer. Deur die oog van Berry word ons in die stad ingelei met 'n koets en 'n kragtige swaaierende sweep, 'n onderdeel van die simbool vir die stad op die gekleurde buite-omslae van die boek. Ons stap rond in die binnestad, Hillbrow met sy immigrantebevolking en stempel van kleurryke variasie, die parke met kunsuitstallings, eetgeleenthede, die twee universiteite en hul betekenis vir die samelewing, perdededrenne, die Randse skou en selfs 'n bio-kafee. 'n Besoek aan die goudmyn-museum sluit ook die bekende myndanse in. Hulle is gegrond op ou tradisies, maar hulle kan ook 'n satire op die toeskouers wees. 'n Vlot leesbare teks gee hier en daar toeligting wat goed aanpas by die tekeninge: raak, soms lugtig, soms sarkasties. Tereg is daar ook 'n ernstige waarskuwing teen gewetenlose afbraak van historiese belangrike geboue in die stad en dat toenemende ruimtetekort steeds meer sal dwing tot beter beplanning.

Die tekeninge gee nie net blyk van 'n hoogstaande en goed ontwikkelde tekentalent nie. Veral waar

dit menslike figure aangaan, laat hulle dink aan die tegniek van 'n spotprenttekenaar van die ouer generasie: Jo Spier. Daar is geen twyfel nie dat Abe Berry baie meer is as net 'n uitbeelders van die tiperende en die belaglike, die verbygaande. Hy laat ons nie net kyk nie, hy suggereer bowendien hitte, koelte, mynsand, rus in parke, gewoel in die straat, eentonigheid van die daaglikse lewe en die reuke en geure wat aan elke stad nou maar eie is. Sy aanvoeling van al hierdie verskynsels is meesterlik en sy tekenpen wat dit alles in beeld gebring het, maak hierdie boek 'n juweel. Elke kenner van die stad behoort hierdie boek te ken en te besit.

F G E NILANT  
Universiteit van Pretoria

MURRAY EN ELZABÉ SCHOONRAAD, *Suid-Afrikaanse Spot- en Strookprent-Kunstenaars*, CUM-boeke, Roodepoort, 1983, xx + 283 pp, ill., R39,95.

Die woord karikatuur kom van die Italiaanse *caricare*, om iets te oorlaai. Die spotprent oordryf sekere aspekte van 'n persoon of gebeurtenis en dit kan op die manier 'n sterke, maar deurgaans wel eensydige resultaat bereik. In wese is dit 'n massamedium, wat eers ná die ontstaan van die sneldrukpers tot sy volle reg kon kom. In die vorige eeu was meeste tekenaars van spotprente erkende kunstenaars. Dis eers in die moderne tyd dat die spotprent en strookprenttekenaars 'n afsonderlike groep begin vorm het wat 'n kuns beoefen wat sy eie ontwikkeling deurmaak.

Want 'n kunsvorm is dit sekerlik. Vir 'n spotprent het die tekenaar 'n besondere oog vir die opvallende nodig en hy moet oor die talent beskik om dit op gekonsentreerde manier in beeld te kan bring. Party werk heeltemal op hul eie, ander voer besprekings met redakteurs en in sulke gevalle is die spotprent die eindproduk van 'n samewerking tussen die redaksie en die kunstenaar. Meeste spotprente ontstaan onder druk, hulle moet voltooi wees voordat die koerant finaal opgemaak word. Moontlik bevorder hierdie omstandighede die kundigheid om met so min middele as moontlik die meeste uit te druk.

In Suid-Afrika was die spotprent aanvanklik sterk onder Engelse invloed. Dit het saam met die ontwikkeling van die koerantbedryf gegroei. Skokkende gebeurtenisse, soos die Tweede Vryheidsoorlog en die Eerste en Tweede Wêreldoorloë het tweespalt in die bevolking van Suid-Afrika versterk. Hulle het egter ook die ontwikkeling van die spotprent wat hom ten gunste van die Afrikaanssprekende en sy saak uitgelaat het, sterk bevorder. Spotprente kan, en het ook inderdaad, verkiesings laat wen en verloor en hulle het regeringspersone gemaak en gebreek. Die rol van W H Schröder, D C Boonzaier en E Thamm mag op hierdie gebied nooit onderskat word nie.

Die spotprent in Suid-Afrika volg die neigings van sy tyd: vroeër was daar baie meer belangstelling vir allerlei besonderhede, terwyl vandag meer toegespits word op die belangrikste sodat bykomstighede verwaarloos word. Die Afrikaner is meer geneig om ook oor homself te spot, terwyl die Engelsman slegs die teenstander oor die kole haal, maar homself laat vry uitgaan. Uit geldelike oorweging word nogal strookprente van oorsee ingevoer en in die koerante oorgeneem of selfs in Afrikaans. Die onsigbare invloed hiervan op die samelewing lê voor die hand. Uiteindelik beskou die spotprenttekenaar homself meer as 'n kunstenaar as 'n verslaggewer. Die Schoonraads wys daarop hoe opvallend veel gebruik gemaak word van erkende beeldhouwerke en skilderye, dikwels met die arglose toevoeging: met verskoning aan ...

Die karikaturis maak baie gebruik van kentekens. Daar is honde, skilpaaie, voëls, 'n sigaar, hoed of bril, wat deur hulle herhaling baie daartoe bydra om die prent se strekking te verskerp. D C Boonzaier se Hoggenheimer is 'n beroemde of berugte voorbeeld; daar is ook Jock Leyden se Wilbur, Connolly se klein mannetjie, Scott se Skotse terrier en, sekerlik nie in die laaste plek nie, Honiball se Oom Kaspaas en Adoos-hulle.

Daar word 377 tekenaars in die boek genoem. Oor party was baie gegewens beskikbaar, by ander moes volstaan word met 'n enkele paragraaf. Daar is geby by erkende, veelal professionele kunstenaars. Ontluikende onvolgroeide talent soos dit in skool- en studente tydskrifte tot uiting kom, is tereg verontagsaam. Na elke hoofstuk volg onmiddellik die bronne wat daarop betrekking het. Hieruit blyk dat wye gebruik gemaak is van die belangrikste koerante en tydskrifte, boeke en veral katalogi. Daar is 'n oorsig van spotprent-uitstallings van 1947 tot 1983, waarby vir elke uitstalling noukeurig vermeld is watter kunstenaars telkens daaraan deelgeneem het.

Die groot aantal illustrasies in die boek vorm 'n keuse uit die beste en mees in-die-oog-lopende werk. Waar moontlik is daar 'n self-karikatuur van die kunstenaar weergegee. Die illustrasies bewys dat die spotprent nie somer 'n verbygaande uiting is nie, maar dat ons wel deeglik te doen het met 'n blywende kunsvorm. Selfs waar die snaakse element bietjie verflou het, soos met die ouer tekening, bly tog die tekening self sy krag en waarde behou.

Murray en Elzabé Schoonraad het baanbrekerswerk verrig met hierdie boek. Dit het nie net 'n

belangrike plek in die Suid-Afrikaanse kunsgeskiedenis nie, maar sal sekerlik vir die historikus en die sosioloog van minstens ewe groot belang wees.

F G E NILANT  
Universiteit van Pretoria

### Ideologie/Ideology

RUSSELL JACOBY, *Dialectic of Defeat, Contours of Western Marxism*, Cambridge 1981, Prys R31,75.

Dit is nodig dat Suid-Afrikaanse historici kennis dra van die Marxisme veral vanweë die feit dat sedert 1970 'n radikale skool van geskiedkundiges hulle buiging op die historiese verhoog gemaak het — meestal volgelinge van Gramsci, Genovese Arrighi, Meillassoux, Althusser en Poulantzas wat neo-Marxiste is. Dit het 'n nuwe dimensie in ons geskiedskrywing gebring — die vertolking van die verlede vanuit 'n klasse- en anti-kapitalistiese standpunt. Jacoby is nie geïnteresseerd in die klassieke of konformistiese ortodoksie van die Marxisme nie, maar in die Westerse Marxisme wat krities daarteenoor ingestel is, waarin o.a. Labriola, Lukács en die "Frankfurter Schule" ter sprake kom. Westerse Marxisme, sê Jacoby, wyk af van die Russiese Marxisme, en hy loods vanaf die begin 'n aanval teen die ortodokse Russiese Marxisme wat ná sy suksesse in Sjina, Asië en Afrika 'n blink voorkoms én toekoms aan die wêreld voorgehou het. Hy trek die angel uit die konformistiese Marxisme wat verkondig dat hulle die erfename is van die wetenskap van die "burgerlike samelewing" en beskuldig die Westerse wetenskaplikes van voor-wetenskaplikheid, onwetenskaplikheid en 'n mistieke, utopiese, mitologiese en romantiese werkwyse.

Jacoby ontmasker Louis Althusser wat so 'n sterk invloed op Suid-Afrikaanse radikale geskiedskrywing uitgeoefen het. Hy beweer Althusser het nie net "teoretiese praktyk" geloods nie, maar ook sy wanpraktyk. Hy het keer op keer erken dat hy Marx verkeerd vertolk het sodat Jacoby van Althusser sê: "Even where he is right, he is wrong ... Althusser represents a Marxism that is forever wrong ... To explain his multiple miscalculations, he reaches for an alibi beyond reproach: history. The irony is missed: Althusser and his followers have dedicated themselves to slaying the dangerous dragon of historicism. Historicism threatens the autonomy, rigor, objectivity, and, finally, the success of Marxism ... Yet Althusser justifies all his mistakes by claiming that they were committed at a particular time and place ... In Althusser's jargon the "conjuncture" is the universal excuse for errors. The fetish of indicating the exact time when they wrote, rewrote, and corrected their manuscripts characterizes all the Althusserians" (p 16). Dit geld ook Poulantzas wat invloed op die Suid-Afrikaanse radikale historici uitgeoefen het.

Jacoby ontleed die "Marxisme" van Hegel en Engels, wys op die oorgang van die wysbegeerte na die politiek en hoe Marxisme in die Weste daarmee saamhang: hulle wou 'n alternatief vind vir die Sowjet- en ortodokse Marxisme. Westerse Marxiste het 'n negatiewe visie van die natuur aanvaar, veral die Frankfurter Schule (p 117). Vir Marx was sosiale bewegings prosesse van "natuurgeskiedenis" — wetmatig, wat die mens onvry laat. Horkheimer, Adorno en Marcuse het dus met die probleem van klasse *onbewussyn* geworstel wat die konkreetheid van die Marxisme bedreig. Dit is 'n insiggewende boek wat ons weer eens bewus maak van die aanslag en bedreiging van die Marxisme.

F A VAN JAARVELD  
Universiteit van Pretoria

### Internasionale betrekkinge/International relations

LLOYD C GARDNER, *A covenant with power; America and world order from Wilson to Reagan*, The Macmillan Press, London and Basingstoke, 1984, xv + 251 pp., index, bibl., R44,35.

The author of this volume, professor of history at Rutgers University in New Jersey, adds his voice to a popular debate in the history of American foreign relations in the present century, the impact of policies rooted in a long cherished ideal on the complex world of international power politics. The book is, as Professor Gardner admits (p. 235), rather a series of exploratory essays than a sustained exploration of the mainsprings of policy and the practical implications of United States involvement.

For the foreign observer of American diplomacy, the years of international confrontation sometimes need to be seen more clearly in the light of America's traditional view of herself as the bastion of world freedom. This background is certainly in evidence as Gardner's story opens during Wilson's presidency and is implicit in his examination of the policies of the New Deal era. It re-emerges in the tensions of the years from Nixon to Reagan, but is perhaps not so apparent in the immediate post-World War II period when America's inevitable, and in many ways unenviable rôle would seem to have been dictated more by outside pressures than guided by inner convictions.

Regarded however purely as a study of American foreign policy in the modern world this book is of

major importance. It is, as it is meant to be, provocative, but Gardner's contentions are always based upon a solid foundation of sound analysis. We would single out for special praise his chapter (4) on the manipulation of Nato for political and economic ends. This is to place the western alliance in new perspective.

Equally compelling is Gardner's approach to Vietnam, "far more traumatic to Americans than the Boer War was to Edwardian England" (p. 230). America's failure in that arena was a blow to her prestige and was closely linked to the retreat from power summed up in the *détente* policy which followed. Carter's uncertainties have given place to a greater self-assurance in facing up to world problems, with the threat to the American ideal no longer half-way round the globe but in Central America on the back doorstep. The quest to make the world safe for democracy informed Wilson's outlook on foreign policy at a time when the United States could stand aloof from total commitment. In the power politics of today the nation is at greater risk and the idealism — flawed enough in past decades, as Gardner makes evident — is somewhat diluted by self-interest. As Reagan has said of the Central American problem: "It is vital to us that democracy be allowed to succeed in these countries" (p. xi).

This volume should do much to give the student of modern international relations a deeper understanding of the American rôle.

M BOUCHER

*University of South Africa*

#### **Bekendstelling**

R T J LOMBARD, *Handleiding vir genealogiese navorsing in Suid-Afrika*, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Pretoria, 1984, 168 pp, R13,00.

'n Handleiding om navorsers deur die doolhof van genealogiese navorsing te help, is die eerste keer in 1977 deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing gepubliseer. Hierdie is 'n hersiene en bygewerkte uitgawe wat so pas die lig gesien het.

Die skrywer is die hoof van die genealogiese afdeling van die Instituut vir Geskiedenisnavorsing van die RGN en 'n erkende gesaghebbende. Dit bevat onder andere afdelings oor die metodiek van genealogie, oor die opstel en publikasie van 'n geslagregister en oor al die soorte rekords in die Suid-Afrikaanse Staatsargiefbewaarplesse en in die Windhoekse Argiefbewaarplesse en dié van Zimbabwe wat vir die genealoog van belang kan wees. Ook museums, kerkargiewe en ander staatskantore word behandel. Dit is, in kort, 'n myn van inligting vir beginners én ervare navorsers op dié gebied. Die boek is in albei landstale beskikbaar.

D H H